# OOR BOEKE

**D'ASSONVILLE, V.E. 1977. Totius – profeet van die Mooirivier. 'n Lewenskets van prof. dr. J.D. du Toit. Tafelberg-Uitgewers Beperk. Prys: R5,25.**

In Tafelberg se Suid-Afrikaanse Galery-reeks, waaronder dié oor M.T. Steyn, Emily Hobhouse, Jan van Riebeeck, J.D. Kestell, C.R. de Wet, Paul Kruger, Arnoldus Pannevis en Louis Botha, vorm hierdie lewenskets 'n mooi toevoeging.

In hierdie huldigingsjaar is baie geskryf en gepraat oor Totius. Al die wetenswaardighede wat in die verskillende kommunikasiemedia 'n efemeriese bestaan voer, het in hierdie werkie 'n duursamer heenkome gevind. Sonder die pretensie van 'n wetenskaplike biografie (so 'n werk word deur die skrywer in sy Voorwoord nog in die vooruitsig gestel) of die literêre vorm, die geromanseerde biografie, dien hierdie werkie homself aan as 'n „skets", uiteraard dus klein van omvang, waardeur die leser meteen weet om nie verkeerde kriteria aan te lê nie, soos byvoorbeeld om diepgaande karakterontleding of uitgebreide bespreking en beoordeling van Totius se werke self te verwag nie. In breë trekke word die lewensloop van die hooffiguur binne die historiese kader, die rol wat hy op kerklike, opvoedkundige (Christelik-nasionale onderwys) en nasionale terrein gespeel het, sy „nalatenskap" as digter, teoloog, Bybelvertaler, en psalmberymer, maar ook Totius as gesinsman wat veel huislike smart ondervind het, in fokus gebring. Die vervlegting van sy lewe met dié van kerk en volk, sy beginselvaste Calvinistiese leiding in krisistye en sy visie as gelowige geleerde wat vir hom die naam van „profeet" verdien, kry die hoofklem.

Die biografie, en so ook die lewenskets as kortvorm daarvan, het in wese 'n sterk subjektiewe trek; die biograaf kies immers sy „held" omdat hy by hom aanklank vind en hom bewonder, hý selekteer, orden en interpreteer sy stof en deurlig die hele werk met sy lewensbeskouing. Dié subjektiewe trek kom ook in hierdie lewenskets voor: die outeur se geesdriftige bewondering en liefde vir Totius is onmiskenbaar. En tog maak hy dit ook vir die leser aanvaarbaar deurdat hy veelvuldig aanhaal wat andere oor hom sê. Bewondering is op sigself nie verkeerd in 'n biografie nie; die hoofdoel van enige biografie is trouens om die „memorabilia" oor 'n persoon van bo die gewone formaat en verdienste vir die komende geslagte te bewaar. Dr. D'Assonville se versamelde stof lewer getuienis van die groot waardering wat Totius reeds

in sy lewe te beurt geval het van sy tyd- en strydgenote.

Die bate van so 'n subjektiewe styl is dat die ontroering van die skrywer oorslaan op die gelykgesinde leser, en 'n verhewe ontroering werk altyd suiwerend op 'n mens. Dit gebeur dikwels by die lees van hierdie lewensskets, veral waar Totius self aan die woord gestel word. Onvergeetlik en verheffend is die woorde wat die gryse Totius kort voor sy dood agter in sy psalmboek geskryf het: „Daar sal geen doodsvrees wees nie. My Verlosser sal my tegemoet kom en lei na die heerlike geweste van die drie-enige God..."

Die strewe na die weergawe van die innerlike lewe van die hooffiguur kan in 'n skets ook maar net sketsmatig wees, soos hier. Benewens die outeur se improvisasie van gedagtes en dialoog, gee hy ook veelvuldige gepaste aanhalings uit gedigte, waardeur die leser dan tog 'n goeie insig kry van innerlike lewe soos dit steeds neerslag gevind het in Totius se gedigte, hetsy in verband met huislike aangeleenthede, sy geloofslewe of sy meelewing met en bekommernis oor sy kerk en volk. Dit word ook uit aangehaalde briewe duidelik.

Die lewensskets word boeiend vertel, besit die nodige kontinuitei wat 'n lewens*loop* en 'n ontwikkelingsproses vereis, is in 'n maklike trant geskryf en is taalkundig goed versorg. Die boekie behoort 'n breë publiek te bekoor, veral nou in die huldigingsjaar; bes moontlik sal dit as 'n sterk prikkel dien om die nuwe *Versamelde Werke* van Totius aan te skaf!

Lucia C Minnaar.

**FENSHAM, CHARLES. 1976. Die Dooiesee-rolle en die Bybel. Tafelberg-Uitgewers. Prys: R6,75.**

Die ontdekking van die Dooiesee-rolle sedert 1947 was vir die studie van die Bybel een van die mees sensasionele gebeurtenisse in hierdie eeu. Onder die tekste wat aan die lig gekom het, tel van die oudste Bybelhandskrifte wat bekend is. Daar is egter meer tekste hieronder as net Bybelhandskrifte. Die ander tekste gee 'n beeld van die godsdienstige beskouings van die groep Jode ongeveer in die tyd van Christus wat hierdie tekste geskryf het. Die presiese bepaling van die waarde van hierdie tekste vir die studie van die Bybel en die Bybelse agtergrond word deur verskillende mense verskillende beoordeel.

Juis hiermee hou Fensham hom in hierdie werk besig. Die gemak waarmee

hy verskillende standpunte kan weergee en uitsif, getuig van sy belesenheid en beheersing van die stof. Hy skryf oor die ontdekking van die rolle, die argeologiese vondste en die verband tussen die rolle en Qumran, die Qumransekte en Essene, en die betekenis van die rolle vir die Ou Testament en vir die Nuwe Testament. In sy slotbeskouing bespreek hy die moontlikheid dat die asketiese ideale van die Essene 'n invloed op die vroeë Kerk kon uitgeoefen het.

Seker die belangrikste hoofstuk in die werk is dié oor die verhouding tussen die rolle en die Nuwe Testament. Hierin word die ooreenkomste en verskille tussen die rolle en die Nuwe Testament duidelik genoem, standpunte word bespreek, en gevolgtrekkings word gemaak. Fensham waarsku sterk daarteen dat ons nie bloot op die feit af dat iets in die rolle gestel word, tot bepaalde gevolgtrekkings moet kom oor die verhouding tussen byvoorbeeld die Qumransekte en die Bybel nie, omdat ons nie beskik oor genoeg kennis van die algemene Joodse beskouinge uit daardie tyd nie. Behalwe gemeengoed uit daardie tyd, is daar tussen die Christendom en die Esseense beskouinge 'n diep kloof en dit lyk selfs asof die Bybelskrywers soms 'n polemiek voer teen Esseense beskouinge. Daarom sê hy (p. 98): „'n Esseen sou ... soos die lid van enige ander Joodse groep, met groot opoffering 'n Christen kon word. Hy sou eers 'n nuwe les in die liefde moes leer, die liefde tot die Middelaar Christus en die liefde tot sy naaste, wat ook sy vyand insluit".

'n Aanbevelenswaardige werk en die moeite werd om te besit!

E.J.S.

**VENTER, E.A. 1977. Totius 1877-1977. Uitgegee deur die samesteller, posbus 3006, Cachet, 2524. Prys: R3,00.**

Medewerkers aan hierdie boekie is V.E. d'Assonville, I.L. van Vuuren en H. Venter; hulle is in hierdie volgorde verantwoordelik vir 'n beknopte biografiese oorsig, met foto's, van Totius in sy familie- en werkkring, 'n kort karakterisering van Totius se digterskap en 'n uiteensetting van die samestelling en inhoud van die *Versamelde Werke.* Die redakteur self het 'n reeks vrae oor Totius bygedra, bedoel om die leser te stimuleer om antwoorde op die vrae elders te gaan soek of om sy algemene kennis te toets. Die boekie bevat verder 'n groot aantal proewe in Totius se eie handskrif van gedigte, berymde Psalms, Skrifberymings en twee bladsye uit sy stukke oor diere- en plantname in die Bybel. Daar is ook 'n aantal

keurige illusstrasies van gedigte deur Olga Hoffman, 'n tweetal toonsettings van gedigte deur Riekie van der Wateren en Hennie Coetzee, 'n verwerking van die musiek by Psalm 150 deur Therèse d'Assonville, een van Psalm 8 deur S.J. de Villiers en 'n paar anonieme verwerkings van psalmwysies.

Dit is 'n werkie wat klaarblyklik vir skoolgebruik saamgestel is; vir ander lesers kan dit 'n nuttige wegwyser na die *Versamelde Werke* en ander werke oor Totius wees. 'n Duursamer band sou gerade wees. Op bladsy 32 is 'n paragraaf gedupliseer.

L.C.M.

**DU TOIT, MIONE. 1977. Skrywers in beeld 2: Totius. Kaapstad, Tafelberg. Prys: R5,00.**

Een van die baie waardevolle Totius-herdenkingsuitgawes is hierdie album met foto's waarin die samesteller 'n chronologiese beeld van Totius se lewe gee: sy kinder- en studentejare, as vader en grootvader, as predikant en professor, as digter en „profeet". Met die uitvoerige beskrywing by elke foto, waarvan daar sewentig is, word 'n hele stuk geskiedenis nie alleen van die mens Totius gegee nie, maar word ook kultuurhistoriese gedenkwaardighede in beeld gebring omdat Totius se lewe so innig verweef was met dié van sy volk en kerk. Wat die geskrewe woord in die ander werke oor Totius dikwels nie by magte is om weer te gee nie, soos die gesigsuitdrukkings by verskillende geleenthede, die tipiese houding en glimpe van 'n lewenstyl van eenvoud en grasie, dit gee die foto-album op ontroerende wyse.

L.C.M.